Verwysing: 20190513-4581
Lêernommer: 3/3/3/7/2/7
Navrae: R Leukes

Kurrikulum AOO-minuut: DCG 0012/2019

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Hoofde: Kurrikulum-ondersteuning, Kringbestuurders, Adjunk-hoofonderwyskundiges, VKO-bestuurders, Vakadviseurs, VKO-vakadviseurs, Prinsipale en Departementele Hoofde vir die Grondslagfase by openbare skole met graad R, graad R-onderwysers/-praktisyns by openbare skole en Prinsipale en graad R-praktisyns by geregistreerde onafhanklike graad R-sentrums

Onderwerp: Die Suid-Afrikaanse Nasionale Kurrikulumraamwerk vir kinders vanaf Geboorte tot Vier jaar: Opleiding vir voorgraad R-praktisyns en Vroeëkindontwikkeling-(VKO)-sentrumprinsipale

1. In 2013 het die Departement van Basiese Onderwys (DBO) *Die Suid-Afrikaanse Nasionale Kurrikulumraamwerk (NKR) vir kinders vanaf Geboorte tot Vier jaar*, 2012, ontwikkel. Die doelwit van hierdie nasionale kurrikulum is om die gehalte van basiese onderwys te verbeter deur 'n stewige grondslag in die baie vroeë jare te lê. Dit bied leiding vir die ontwikkeling van leerprogramme en hoe om met suigelinge en jong kinders vanaf geboorte tot vier jaar te werk. Dit is op 'n verskeidenheid omgewings, doeleindes en 'n verskeidenheid belanghebbendes van toepassing. Toegang tot die NKR kan via die DBO se webwerf verkry word: https://tinyurl.com/m99omqf.

2. Provinsiale onderwysdepartemente is deur die DBO opdrag gegee om teen 2019, alle voorgraad R-praktisyns in die NKR op te lei.

3. Die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) het provinsiewye NKR-opleiding vir alle voorgraad R-praktisyns vanaf Junie–Julie 2019 beplan. Verskillende groepe voorgraad R-praktisyns sal 'n geleentheid gebied word om 'n vyfdaagse NKR-werksessie op verskillende tye oor die volgende twee jaar by te woon.

4. Wes-Kaapse Tegniese en Beroepsonderwys- en Opleidings- (TBOO) kolleges sal die NKR-opleiding in samewerking met die WKOD aanbied.

5. Die vyfdaagse werksessie sal soos volg plaasvind:

24 Junie tot 26 Julie 2019 08:00 tot 16:00	Die Junie-Julie 2019 NKR-opleiding is vir voorgraad R-praktisyns met vlakke 1, 4 en 5 en prinsipale van VKO-sentrums wat by die WKOD en die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling (DMO) geregistreer is.

6. **Registrasie vir die Junie–Julie 2019 NKR-opleiding**

6.1 Die laaste registrasiedatum is **14 Junie 2019.**

6.2 Prinsipale van VKO-sentrums wat by die WKOD en die DMO geregistreer is, word genooi om hulself en hul gekwalifiseerde voorgraad R-praktisyns (wat kinders vanaf geboorte tot vier jaar onderrig) vir die NKR-opleiding by hul naaste TBOO-kollege te registreer. 'n Afskrif van elke praktisyn se VKO-L1-, L4- of L5-sertifikaat moet die registrasievorm meegaan.

6.3 Alle registrasies sal plaasvind by die TBOO-kolleges wat in **Bylae B** gelys is. Geen registrasies sal by WKOD-distrikskantore gedoen word nie.

6.4 Plekke is beperk. Registrasie sal gedoen word volgens wie ook al eerste daar aankom en die WKOD en/of TBOO-kolleges behou die reg om die volgende te bepaal:
- Verteenwoordiging per VKO-sentrum.
- Toewysing van die opleidingsgroep.

6.5 Elke suksesvolle registrasievorm sal binne 10 werksdae 'n bevestiging via SMS of e-pos ontvang. Indien die aansoeker nie bevestiging van sy/haar registrasie ontvang nie, moet hulle die toepaslike TBOO-kollege teen nie later nie as **18 Junie 2019** kontak om die stand van hul registrasie uit te klaar.

6.6 Verversings en 'n ligte middagete sal by die werksessie verskaf word. Daar sal, so ver moontlik, aan die versoeke van deelnemers met spesiale dieetvereistes voldoen word; alle deelnemers word egter aangeraai om voorsiening te maak vir hul eie spesiale/addisionele behoeftes.

6.7 Geen vervoersubsidies sal betaal word nie. Daar word dus aanbeveel dat deelnemers by hul naaste TBOO-kollege vir bywoning registreer.

6.8 **Die aangehegte registrasievorm** (**Bylae A**) moet teen **31 Mei 2019** voltooi word en aan die toepaslike TBOO-kollege terugbesorg word.

7. Alle navrae aangaande registrasie vir Junie-Julie 2019 NKR-opleiding, moet aan die betrokke TBOO-kollege wat in **Bylae B** gelys is, gerig word.

8. Ná hierdie vyfdaagse werksessie, word daar van alle deelnemers verwag om weer na hul daaglike programme, asook hul leerprogramme, te kyk om seker te maak dat dit in lyn met die NKR gebring is.

9. Die WKOD, tesame met die TBOO-kolleges, is daaraan toegewy om NKR-opleiding van gehalte aan alle geregistreerde deelnemers te bied.

10. Prinsipale van VKO-sentrums wat by die WKOD en die DMO geregistreer is, word versoek om hierdie minuut onder die aandag van alle voorgraad R-praktisyns met VKO-vlakke 1, 4 en 5 te bring om seker te maak dat hulle die geleentheid gebied word hierdie eenmalige opleiding in Junie-Julie 2019 by te woon.

GETEKEN: PAD BEETS
ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR
DATUM: 2019-05-16

BYLAE A

REGISTRASIEVORM: NKR-OPLEIDING JUNIE-JULIE 2019

Naam van VKO-sentrum:		**Naam van prinsipaal:**		
Registrasienommer vir VKO-sentrum:		**Taal gebruik vir onderrig (merk taal wat hoofsaaklik gebruik word):**	**Engels**	
of			**Afrikaans**	
DMO-nr.:			**Xhosa**	
Kontakbesonderhede om NKR-registrasie te bevestig:		**Kontakpersoon:**		
Landlynnommer:		**1ste Selfoonnommer:**		
E-posadres:		**2de Selfoonnommer:**		

REGISTRASIEBESONDERHEDE									
Afskrifte van praktisyns se VKO L1-, L4- of L5-sertifikaat moet saam met hierdie vorm ingedien word.									
Gedelegeerdes		**Van**	**Eerste naam**	**ID-nommer**	**Kontaknommer**	**Ouderdomme wat tans onderrig word:**			
						0–18 maande	**18–36 maande**	**3–4 jaar**	**4–5 jaar**
Prinsipaal	**1**								
L1-, L4- en L5-Praktisyns	**2**								
	3								

Dieetbehoeftes	**Normaal**	**Halaal**	**Veg**
Nommer:			

U naaste TBOO NKR-opleidingslokaal:	

BYLAE A

REGISTRASIEVORM: NKR-OPLEIDING JUNIE-JULIE 2019

HIERDIE VORM MOET VOLLEDIG INGEVUL EN <u>NIE LATER NIE AS 14 JUNIE 2019</u> AAN U NAASTE TBOO-KOLLEGE (kyk Bylae B) TERUGBESORG WORD.
U SAL BEVESTIGING VAN U REGISTRASIE VAN DIE TBOO-KOLLEGE ONTVANG.

BYLAE B

LYS VAN TBOO-KOLLEGE LOKALE EN KONTAKPERSONE
NKR-OPLEIDING 24 JUNIE-26 JULIE 2019

WKOD-distrik	TBOO-kollege		Kampusse wat NKR-opleiding aanbied	Adres
Metro-Sentraal	**Kaapstad Kollege** **Sandra Swartz (Programbestuurder) 021 100 3433**	1	Crawford-kampus	Crawford-kampus, Athlone
Metro-Noord & Metro-Oos	**Northlink Kollege** **Linda Arnott 021 591 3181** **Zaida Davids 021 938 3013**	1	Goodwood-kampus	H/v Dirkie Uys en Merrimanstraat, Goodwood
		2	Metro-Noord Timmermanstraat, Parow	Timmermanstraat, Parow
Metro-Suid	**Valsbaai Kollege** **Marelize Minnaar 021 361 3430**	1	Khayelitsha-kampus	H/v Spineweg en Mew Way
		2	Mitchells Plain-kampus	Merrydaleweg
		3	Muizenberg-kampus	Main Road, Muizenberg
Weskus & Kaapse Wynland	**Weskus Kollege** **Zandra Prinsloo 022 482 1143**	1	Atlantis-kampus	H / v Charl Uysrylaan en Niel Hare Straat, Atlantis Industria
		2	Malmesbury-kampus	H/v Kerk- en Loedolfstraat, Malmesbury
		3	Vredenburg-kampus	Academystraat 1, Louwville, Vredenburg
		4	Vredendal-kampus	Hoërskoolweg, Vredendal-Noord, Vredendal
Kaapse Wynland	**Boland Kollege** **Daniel Lotter 021 886 7111**	1	Paarl-kampus	H/v Bergrivier Boulevard en Pleinstraat, Paarl
		2	Stellenbosch-kampus	Drukkersweg (buite Birdstraat), Stellenbosch
		3	Strand-kampus	Aerodromeweg, Strand

Eden en Sentrale Karoo	**Suid-Kaap Kollege** **Yvonne Botha** **044 884 0359** **Colin Meyer** **044 272 7090**	1	George-kampus	Hiberniastraat 46, George
		2	Oudtshoorn-kampus	Adderleystraat 48, Oudtshoorn
		3	Beaufort-Wes-kampus	H / v Van Schalkwyk- en De Vriesstraat, Rustdene, Beaufort-Wes